# Government Gazette
# Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 601 Cape Town, Kaapstad, 6 July 2015 **No. 38973**


## THE PRESIDENCY

No. 589 6 July 2015

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**Act No. 6 of 2015: Eskom Subordinated Loan Special Appropriation Amendment Act (2008/09-2010/11 Financial Years), 2015**

## DIE PRESIDENSIE

No. 589 6 Julie 2015

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**Wet No 6 van 2015: Wysigingswet op Spesiale Begrotingswet op Eskom Ondergeskiktelening (Finansiële Jare 2008/09-2010/11), 2015**

9 771682 584003 38973

AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

**[ ]** Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

__________ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

---

*(English text signed by the President)*
*(Assented to 3 July 2015)*

# ACT

**To amend the Eskom Subordinated Loan Special Appropriation Act (2008/09-2010/11 Financial Years), 2008, so as to convert the subordinated loan to Eskom Holdings SOC Limited to shares for the State; and to provide for matters connected therewith.**

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 1 of Act 41 of 2008**

**1.** (1) Section 1 of the Eskom Subordinated Loan Special Appropriation Act (2008/09-2010/11 Financial Years), 2008 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

> "(2) The money contemplated in subsection (1) must be transferred to Eskom Holdings SOC Limited (hereinafter referred to as Eskom), in each financial year in support of its investment in enhanced electricity generation capacity and security of supply, subject to **[a loan agreement being entered into between the Minister of Finance and Eskom]** the issue of ordinary shares by Eskom to the State to the value of R60 billion."; and

*(b)* by the deletion of subsection (3).

(2) The loan agreement entered into between the Minister of Finance and Eskom in terms of section 1(2) of the principal Act, before its amendment by this Act, will lapse and have no force with effect from the date of the issue of shares referred to in section 1(2) of the principal Act, as amended by this Act.

**Amendment of section 2 of Act 41 of 2008**

**2.** The following section is hereby substituted for section 2 of the principal Act:

> "**Short title**
>
> **2.** This Act is called the Eskom **[Subordinated Loan]** Special Appropriation Act (2008/09-2010/11 Financial Years), 2008.".

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

| | |
|---|---|
| **[ ]** | Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan. |
| ______ | Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan. |

*(Engelse teks deur die President geteken)*
*(Goedgekeur op 3 Julie 2015)*

# WET

**Tot wysiging van die Spesiale Begrotingswet op Eskom Ondergeskiktelening (Finansiële Jare 2008/09-2010/11), 2008, ten einde die ondergeskikte lening aan Eskom Beherend MSB Beperk na aandele vir die Staat oor te dra; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 41 van 2008**

**1.** (1) Artikel 1 van die Spesiale Begrotingswet op Eskom Ondergeskiktelening (Finansiële Jare 2008/09-2010/11), 2008 (hierna die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Die geld in subartikel (1) beoog moet in elke finansiële jaar aan Eskom Beherend MSB Beperk (hierna Eskom genoem), oorgedra word ter ondersteuning van sy investering om elektrisiteitopwekkingsvermoë te vermeerder en elektrisiteitsvoorsiening te verseker, onderhewig aan **['n leningsooreenkoms wat tussen die Minister en Minister van Finansies en Eskom aangegaan word]** die uitreiking van gewone aandele deur Eskom aan die Staat ter waarde van R60 miljard."; en

*(b)* deur subartikel (3) te skrap.

(2) Die leningsooreenkoms tussen die Minister van Finansies en Eskom aangegaan ingevolge artikel 1(2) van die Hoofwet, voor die wysiging daarvan deur hierdie Wet, sal verval en nietig wees met ingang van die datum van die uitreiking van aandele bedoel in artikel 1(2) van die Hoofwet, soos deur hierdie Wet gewysig.

**Wysiging van artikel 2 van Wet 41 van 2008**

**2.** Artikel 2 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Kort titel**

**2.** Hierdie Wet heet die Spesiale Begrotingswet op Eskom **[Ondergeskiktelening]** (Finansiële Jare 2008/09-2010/11), 2008.".

## Short title

**3.** This Act is called the Eskom Subordinated Loan Special Appropriation Amendment Act (2008/09-2010/11 Financial Years), 2015.

## Kort titel

**3.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Spesiale Begrotingswet op Eskom Ondergeskiktelening (Finansiële Jare 2008/09-2010/11), 2015.